

Dinsdag 22 Maart

Skrifgedeelte: 2 Konings 6:24 – 7:2

Fokusgedeelte: 2 Konings 6:33

Sou ek langer op die HERE wag?

Ongehoord. Onaanvaarbaar. Ondenkbaar. Die koning van Israel verwyf die God van Israel. Hy meen dat die onheil wat die verbondsvolk tref, van God af kom. Saam met verwyf braak hy gal: “Wat sou ek langer op die HERE wag?” Die man wat hierdie bitter woorde kwytraak, is koning Joram. Joram is die seun van die goddelose Agab en die nog méér goddelose Isébel. In die voetspoor van sy ouers het hy gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE (2 Kon. 3:2). Die troue Verbondsgod konfronteer die verbondsvolk en hulle koning oor hulle verbondsbreuk. Die HERE span die koning van Aram in om Samaria, die hoofstad van Israel, te beleër. Die koning en sy onderdane behoort in die beleëring die tugtigende hand van die HERE te sien. Maar daarvoor maak koning Joram sy oë en ore toe.

Die ellende in die beleërde stad skreeu ten hemele. Hongersnood dryf mense tot waansin. Die kop van ’n onrein donkie en ’n handvol duiwemis word teen belaglik hoë pryse verkoop. Vroue gaan selfs sover om hulle kinders te kook en te eet. Dis afskuwelik. So lyk volhardende opstand teen God, verharding in sonde. Mense word soos diere (vgl. Rom. 1:18-32). Selfs erger as diere.

En wat doen die koning? Hy verkwalik die HERE vir alles wat skeefloop in sy stad en koninkryk. Hy wil hom wreek op Elisa, die profeet van die HERE. Geen inkeer nie, maar volharding in sonde. Joram dra vir die skyn ’n roukleed onder sy gewone klere, maar daar is geen sprake van berou in die hart nie. Sy harde hart word net harder.

Wat sou ek langer op die HERE wag? Hoekom sal ek nog op Hom hoop? My geduld met God is op. So klink die blatante verwyf van iemand wat van God weet, maar Hom nie liefhet nie. So word daar teen God geprotesteer omdat die nietige mens nie hou van die HERE se tugtigende liefde nie.

Nieteenstaande die koning se ongehoorsaamheid en woede bly die profeet profeteer. “Hoor die woord van die HERE!” Bekeer jou as jy getugtig word. Maak reg waar jy gebrou het. En wag op die HERE. Om Christus wil “sál die HERE in my lewe weer oordag sy guns gebied”. Daarom: “... ook deur donker nag omgewe, sing ek nog my pelgrimslied. Ja, ek lofsing in die nag, want ek bly die HERE verwag” (Ps. 42:5, berymd). Dis geloofstaal wat die Heilige Gees uit die hart en mond van God se beproefde kind laat kom.

Sing: Psalm 130-1:3

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)